

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 2

Nuwe Postnet eienaars

Die "Watson Brothers" Abrie en John, het Augustus amptelik die eienaarskap van Postnet op Heilbron oorgeneem.

>>> BLADSY 6

Word SA 'n bakhand land?

Sodra die hek oopgaan en toegemaak word, het die kinders met breë glimlagte gewag vir daardie pompong.

>>> BLADSY 7

Spreekkamers nie gesluit

Vir noodgevalle moet mense asseblief na Heilbron Kliniek toe gaan of na Tokollo Hospitaal.

Inwoners was Woensdag in rep en roer oor die ontploffings wat kort-kort deur die dorp weergalm het. Kontrakteurs het met dinamiet op die terrein suid van die vliegveld geskiet waar daar sowat 1653 erwe uitgesit is. Al die nuwe erwe moet gediens word en die projek word hanteer deur die Departement van Menslike Nedersettings. Die vraag is of daar daadwerklike impakstudies gedoen is en voorsiening gemaak is vir die impak wat die ontwikkeling gaan hê op die huidige water- en riool-aanlegte. Die rioolaanleg word

opgegradeer en daar kom twee nuwe besinkingdamme. Die huidige rioolstelsel is reeds onder druk en soos voorheen berig, is dit bekend dat rou riool in die spruit afloop a.g.v. verstoppings en oorlading. Die mense van Sandersville kan jou die ware prentjie skets. Die nuwe erwe se riool-aansluiting gaan inbreek op die hooflyn by die spruit tussen Heilbron dorp en Phiritona uitbreiding, en dis juis hier waar die grootste kopseer lê. Gaan kyk gerus in Paradysstraat hoe riool orals uitborrel. Wat nou van die ander behoefte, nl. water?

Daar is reservoirs aan die suidekant van Heilbron wat al jare smek vir instandhouding en die toevoerpyp is aan sy eie genade oorgelaat. Die twee reservoirs aan die noordoostelike kant van Phiritona kan skaars voorby met die huidige behoefte. Randwater het intussen ook 'n deel ingelas by die pyplyn wat Heilbron van water voorsien en word daar nou deur dieselfde pyplyn ook vir 'n gedeelte van Zamdela water voorsien. Volgens Randwater gaan hulle 'n aparte lyn vir Zamdela lê, Heilbron se lyn word glo net tydelik gebruik. Die

pompstasies word nie onderhou nie en privaat besighede moet help wanneer 'n pomp breek of motor uitbrand, die manne van Pakworks is al gewoonnd daaraan. Die Airport uitbreiding en alle dele in die dorp wat hoog geleë is, het min of geen druk nie, leë krane is vir inwoners 'n algemene probleem. Gaan kyk gerus op die Facebookblad van Heilbron Herald, daar is foto's van waterpype wat maande en sommige reeds vir jare lek, veral in Stoffel Nel Straat. Inwoners kan gerus ook hulle foto's plaas van waterlekkie in hulle omgewing.



NUWE UITBREIDING GAAN DIENSTE KNAK

Die 500 000 kerf is verbygesteek en die jongste getalle toon dat daar 529 877 bevestigde gevalle in SA is. Die dodetal staan tans op 9 298 en reeds 377 266 mense het herstel. Suid-Afrika staan steeds as die land met die vyfde meeste Covid-19 Gevalle. Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dui aan Ngwathe het 761 bevestigde Covid-19 gevalle. Heilbron Polisiestasie het tydelik gesluit vir dekontaminasie nadat van die lede positief getoets het, maar het weer heropen op 28 Julie. Ander stasies in die Fezile Dabi distrik: Sasolburg SAPD het gesluit op 4 Augustus en Mafube SAPD op 1 Augustus beide tot verdere kennisgewing. Die Departement van Basiese Onderwys verwag dat dit sowat drie jaar sal neem om die dele van die kurrikulum in te haal wat weens die koronapandemie uitgelaat is. Die skoolkalender is hersien en daar is 156 skooldae vir die leerders voorsien en 163 skooldae vir onderwysers. Skole bly tans gesluit en heropen die 24ste Augustus.


COVID-19
WAT JY VANDAG MOET WEE

BKB LOUWRIID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff: 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbouwriid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/02811807

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*



Let op die volgende waarskuwingstekens:
 As daar 'n X of 'n Z op 'n stopteken of op die pad geverf is, word huise moontlik geteiken vir 'n roof.
 As daar 'n klomp klein klippië gestapel word, waarsku dit teen honde.
 As daar twee groter klippe langs mekaar gepak is, dui dit op twee ou of weerlose mense in die huis.
 Klippe langs mekaar in 'n ry gepak dui aan hoeveel inwoners die huis het.
 Bakstene dui op 'n rooftog of motorkaping.
 Wanneer 'n "Swastika" teken op die pad of stoptekens geverf is, dui dit in die rigting van die huis wat geteiken word.

Kleure:
 Rooi, bv. 'n rooi lap of 'n Coke blikkie, dui daarop dat weerstand vermag kan word en die persone vuurwapens besit. Wanneer 'n Coke blikkie regop staan, wys dit niemand is tuis nie. Rooi kan ook beteken die inwoners is paraat of daar is goeie hekke of alarms.
 Wit dui op 'n maklike teiken, gewoonlik 'n wit plastieksak in die heining. 'n Sorghum-boksie word gebruik om te sê die huis is gemerk.
 Groen voorwerpe word gebruik om die ontsnaproete aan te dui.
 Blou gee aanduiding dat iemand in die huis bereidwillig is om saam te werk of die huissleutels is naby die deur gebêre, asook dat sekuriteit nie teenwoordig is nie en daar geen alarmstelsels is nie.
 Swart en grys kleure dui op veediefstal of dat die inbraak gekanselleer moet word weens patrolling.
 Skoene of skoensole by die hek wys dat niemand tuis is nie en dis 'n maklike teiken.

Wenke:
 Wanneer die honde snags blaf is dit belangrik om te luister na die tipe blaf.
 Luister na wanneer mense fluit omdat dié gewoonlik op hierdie manier kommunikeer.
 Ander dinge wat dié doen is om jou huistelefoon of selfoon te skakel om te hoor of jy tuis is of hulle skakel jou krag- of watertoevoer af.
 Moenie uitgaan indien jy gevaar vermoed nie. Kry liewers hulp van buite.
 Indien jy verdagte voorwerpe voor jou huis kry wanneer jy tuis kom, ry liewers verby tot jy seker is dit is veilig.



HEILBRON BIBBER WÉÉR

Dis nog te vroeg om die winter vaarwel te roep. Volgens Suid-Afrikaanse Weerdiens sou nog 'n koue front die Kaap gister te tref. Moet nog nie jou warm klere, komberse en warmwatersakke wegpak nie, aangesien hierdie koue weer ons teen more behoort te

PLAASWAGVERSLAG

Elke boer vrees die moontlikheid van 'n plaasaanval. Met al meer boere wat geteiken word, is dit belangrik om bewus te wees van die gebeure rondom jou sodat jy paraat kan wees en weet waarna om op te let. Misdaad gerapporteer by Heilbron Plaaswag vir Julie sluit in vyf gesteelde beeste en twaalf skape. Sewe van die skape se kele is afgesny en slegs die koppe van die ander vyf is gevind. Verskeie pogings tot diefstal het plaasgevind, maar het misluk weens goeie sekuriteit. Wees versigtig vir herhaalde pogings tot diefstal op dieselfde plaas. 'n Ander geval is aangemeld van 'n gesteelde voertuig en 'n vergiftigde hond.

NUWE POSTNET EIENAARS BOU VOORT

Die "Watson Brothers" Abrie en John, het Augustus amptelik die eienaarskap van Postnet op Heilbron oorgeneem en hoop om die diens net so goed voort te sit en verder uit te brei. Die vorige eienaars, Hennie en Lida Pretorius, het besluit dis tyd om rustig te raak en na jare in die koerierbesigheid uit te tree. Die Postnet groep was eerste om 'n pakkie onder 5 kg vir net R99 te koerier en lewer vandag steeds pakkies nasionaal en internasionaal af. Die vriendelike personeel wat kliënte agter die toonbank gaan help is Lindiwe, Cara en Jo-Ann. Op die foto vl: John Watson, Lindiwe Ntshimaelo, Cara Nell, Jo-Ann de Lange en Abrie Watson.



tref. Normale temperature kan weer Sondag vermag word. Die koue fronte begin al meer suid van die land verbybeweeg en tref dit nie meer die binneland so erg nie. Heilbron kan egter steeds temperature onder vriespunt oor die naweek vermag.

DRIVING PHIRITONA BUSINESSMAN TO HIS FINAL RESTING PLACE

Staff Reporter
 On the first Sunday of every month, one would wish to be driven to a spirit-lifting church service, but for Abe Nthakha, a Phiritona businessman who owned and ran Kgolokoeng Driving School, it was a different story. He was driven to his final resting place on 2 August. Sadly, his departure has added to a growing list of prominent community members who could not be given befitting send-offs because only 50 people are allowed at a funeral due to a novel coronavirus disease 2019 (Covid-19) outbreak. There is no doubt that hundreds of community members would have loved to go and bid him a befitting farewell.
 'Bra Abe,' as some people fondly called him, was a people's person; he got along with people of different ages, races, and social classes. More than anything else, he would be remembered for always going out of his way to help people, namely his Batho Pele principle. Even the Covid-19 outbreak could not stop him from helping Mokgeseng Manoto, an informal trader who sells vegetables in Heilbron, for example, to apply for an informal trading permit. "When we were not allowed to trade during level alerts 4 and 5 he accompanied me to the local police station to fight for us to be allowed to trade again," recalls a visibly sad Manoto, who has fond memories of his interactions with him.
 After completing grade 12 at Phiritona Secondary School, Abe went on to obtain a teaching diploma and degree. Before honouring his calling, he had worked as a clerk at Lethabo, a coal-fired power station located between Vereeniging and Sasolburg in the Free State. Thereafter, he started his teaching career in QwaQwa, Free State. Following his retirement in 2010, Abe started Kgolokoeng Driving School, the business initiative that serves as a legacy of his contribution to the Phiritona and Heilbron community. On 27 July, the 70-year-old was admitted at Boitumelo Regional Hospital in Kroonstad, Free State, where he finally met his creator. His two children, four siblings, and four grandchildren survive him. As his soul rest in eternal peace, his legacy lives on in the hearts of many people.



NGWATHE MUNICIPALITY



PUBLIC NOTICE **CALLING FOR**
INSPECTION OF
SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of Section 78(1) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the **1st** Supplementary Valuation Roll for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period 01 August 2020 to 30 August 2020, Mondays to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas:

	PARYS	HEILBRON	VREDEFORT	KOPPIES	EDENVILLE
MUNICIPAL OFFICES IN TOWN	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office
MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP	Customer Care Office: Tumahole	Customer Care Office: Phiritona	Customer Care Office: Mokwallo	Customer Care Office: Kwakwatsi	Customer Care Office: Ngwathe
LIBRARY IN TOWN	Help desk: Parys Library	Help desk: Heilbron Library	Help desk: Vredefort Library	Help desk: Koppies Library	
LIBRARY IN THE TOWNSHIP	Help desk: Thutong and Schonkenville Library	Help desk: Phiritona and Sandersville Library	Help desk: Vredeshoop Library	Help desk: Kwakwatsi Library	

In terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices. The completed form/s must be returned to:

Chief Financial Officer
 Ngwathe Local Municipality
 Valuation Roll
 P.O. Box 359
 PARYS
 9585

Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Care Offices
 For enquiries please contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700.

B.W KANNEMEYER
MUNICIPAL MANAGER

Hygiëne vir KINDERS
 R170
 SLEGS
 Produkt is in voorraad - slegs op bestelling!
 Kind Stamp
 Stead Office National



UIT DIE PEN

Ek wil gil as iemand dit sê: Die Nuwe Normaal. Om met maskers aan te leef, om nie aan iemand se vel te kan raak nie, om by niemand te mag kuier nie, ja, selfs om nie af en toe 'n glasie wyn vryelik te kan drink nie, kan mos nie normaal wees nie. Dit sal nooit normaal kan wees nie. Want ons is "vel-mense". Dink maar aan 'n klein babatjie: die sagsagte velletjie en die reaksie wat die kleinding het op jou aanraking. Kleuters kom soek troos wanneer hulle seergerky het, en gooi, sonder om twee keer te dink, hulle plomp armpies om jou nek en wikkel 'n natgehuilde wang of ken in jou skouerholte. Jy wil, soms uit deernis, iemand se haarliert uit haar gesig vee, net iewers aan iemand vat om hulle gerus te stel. Jy hou jou man se hand vas, net omdat dit lekker is. Dit kan nooit normaal wees om dit nie meer te kan doen nie. Hier is die ding: om met iemand te kan praat, is goed. As jy die persoon kan sien, is dit nog beter. Maar wanneer jy aan iemand kan vat, voed dit daardie deel van jou

siel en jou geheue wat jy nodig het om herinneringe te maak. Die ander dag het my goeie man 'n paar van my gryse ou pa (tans 'n Hemelbewoner) se bokse klere uitgepak. Ek stap daar verby, doodluiters, en iets herinner my aan sy dun gryns haartjies op sy kroontjie. Dieselfde hare wat ek met liefde platgestryk het. Ek voel sy dun-dun velletjie toe ek aan die hemde vat, en ek ruik sy mensreuk toe ek my gesig in die boks druk. Dit ruik nog soos my ou pa. Hoe sou ek al hierdie herinneringe kon opbou as ons nie naby aan mekaar kon kom nie, of ten minste aan mekaar kon raak nie? Ek kry 'n groot weemoed in my, en dink aan die tydsraamwerk waarbinne ons tans funksioneer. Jy kan met jou honde speel en hulle krap en vryf, maar jy mag dit nie met iemand, familie of "te not", doen nie. Sê nou net jy steek hulle (onwetend) aan, of hulle vir jou? Ja, ek het al 'n paar keer in hierdie gemaskerde grendeltyd my hande om iemand gegooi en hulle gedruk. Natuurlik het ek eers toestemming gevra. Maar, net om aan iemand te kon vat, was al klaar beter as niks. My skoonma en my goeie man se skoonma bly in dieselfde ouetehuis. Dit is ook die plek waar my gryse ou pa sy laaste asem uitgeblaas het. Ons het hulle die tweede week van Maart laas gesien. En ek verlang na altwee van hulle. Ja, soms dryf ons mekaar maar so halfpad teen die mure uit, maar ek wens ek kan hulle gou-gou gaan haal en na ons toe bring vir heerlike koek en tee. Met fyn pienk servette. Ek wens ek kan altwee my boetas sien, met hulle gesinne, en die kinders op my heup rond swaai en draai, saam met hulle op die

mat sit en inkleur of net dalk vir een van hulle 'n slaaptyd storie lees. Ek sou graag hulle krullebolle saggies wou streek wanneer daar trane was. Maar ons kan nie. Hoe hartseer is dit nie eintlik nie? Hoe vreeslik mis ons die maak van herinneringe? Dis onbepaald waar dat niemand ooit Die Pes van die Jaar 2020 sal vergeet nie. Maar is dit al wat ons gaan onthou? Daar is nie verjaarsdagpartytjies nie. Jou familie of naby vriende kon dalk mekaar iewers ontmoet vir 'n middagete, of iewers saam besoek aflê, maar met jou simpel masker aan. Maar die intimiteit van saamwees ontbreek. Niemand sien jou ware jy wanneer jy 'n masker aan het waar net jou oë uitsteek nie. Niemand weet van die hartseer trek rondom jou mondhoëke as net jou oë sigbaar is nie. Ons mis so baie van mekaar. Ons mis mekaar se velle. Daar is deesdae baie min "toevallige" geselsies wat aangeknop word. Sommer met wildvreemde mense in die middel van die winkel. Want ons is so bang. Die ander dag staan ek by die ingang van 'n winkel, en 'n vrou kom staan aan my linkerkant, wat ook om die winkel binne te gaan. Die werker by die deur spuit elkeen se hande en gee net een winkelrollie. Vir my. Die vrou langsaan vra of sy ook een gaan kry. "Oh, I thought you were friends?" Ek lag vriendelik en vra vir die vrou aan my linkerkant: "Do you want to be my friend?"

Sy lag terug, die werker glimlag. Ek sien hoe sy haar arm wil ophang om speels aan my skouer te raak, en dan plotseling onthou dat dit 'n sosiale nee-nee is. Sy hang haar arm verbouereerd langs haar sy, en weet nie eintlik wat om te sê nie. Ons stap met twee winkelrollies die winkel binne. Later sien ek haar in 'n gangetjie, en sy lag weer vriendelik. Hoe weet ek sy glimlag? Geen masker nie, sy het 'n deursigtige gesigskerm aan soos ek. Dit is net ek en sy wat met mekaar kan glimlagte deel. Die res van die winkel het net oë wat niks verklap van wat onder hulle maskers aangaan nie. Daar is niemand wat met mekaar kontak maak nie. Niemand wat 'n ander een aanraak nie. Daar is nie ouer mense, soos my skoonma en my goeie man se skoonma, wat krom in die winkel rondloop nie. Is dit net ek wat die terloopse, en soms die beplande, aanraking mis? Is dit net ek wat wens dat ek kan herinneringe maak? Julie moet verstaan: vir die millenniërs moet alles op die internet "gepost" word, anders het dit nie gebeur nie. Vir ander, soos vir my, moet ons visuele herinneringe in ons binneste maak, anders het dit nie gebeur nie. Ek mis my hartsmense en my "vel-mense". Hierdie kan nooit as te nimmer Die Nuwe Normaal wees nie. Want dit is nie normaal nie.

WEEK NEGENTIEN

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heralduus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Meninge en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days from date of publication hereof.
Estate No: 3591/2020
Masters office: Bloemfontein
Surname: Van der Watt
First Names: Michael Frederik Muller
Date of birth: 16/01/1933
Identity number: 330116 5002 08 9
Last address: Huis Sorgvry, 15 Clark Street, Reitz
Date of death: 31/05/2020
AUTHORISED AGENT: MESSRS UYS & PARTNERS P O BOX 231 VRYHEID, 3100
TEL : (034) 982 2305
FAX : 086 537 5181
REF : G DUMINY/BU/09D166411

NOTICE

In the Estate of the LATE MILLY CLARE VAN DEN BROECK.
Identity Number: 491105 0007 081
of 40 Paradise Street, Heilbron, Free State
Registration No: 003095/2018
We enclose herewith for your attention: The First and Final Liquidation and Distribution account in the above Estate will lie for inspection at the Office of the Master of the High Court, Bloemfontein and at the Office of the Resident Magistrate at Heilbron for a period of twenty-one (21) days from the 7th August 2020.
AUTHORISED AGENT: COLIN GEOFFREYS INCORPORATED
P O BOX 397
7446 CENTURY CITY
CAPE TOWN
TEL : 021 551 6138
FAX : 021 551 6191
E-MAIL: geoffreys@law.co.za
REF : TCG/NN/VDB18

VAKATURES

Aansoek word ingewag vir JUNIOR en SENIOR personeel.

P & V
Potgieter & Vennote

Enige van die volgende vaardighede sal voorkeur geniet: Rekenaarvaardig, rekeningkundige, belasting- en boedel bereddering agtergrond.
Sluitingsdatum: 18 Augustus 2020.
CV kan gestuur word na:
• E-pos: jurie@jgpotgieter.co.za
Faks: 058 853 0015
• Per hand: Breëstraat 33, Heilbron

Enige navrae, kontak **Jurie Potgieter** by 058 852 3001

Form JJJ
LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER NO. T6301/2011 passed by MOLEFENYANA APRIL MOKOENA in favour of ZWELAKHE ELIAS RADEBE and RAGUEL RADEBE in respect of certain. Erf 3420 Phiritona (Extension 1), district Heilbron Province Free state which has been lost or destroyed. All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 5th day of August 2020.
APPLICANT: AMANDA ANNE SCHUTTE
Skakel
40 KERK STREET, HEILBRON, 9650
E-MAIL: Aktesa@corven.co.za
TEL: 058 852 2035

DIE RUS INGEAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Susanna Roux Linde**, oorlede op 3 Augustus 2020 in die ouderdom van 80. Die roudiens vind plaas 7 Augustus vanuit NG Moedergemeente na verassing plaasgevind het 5 Augustus 2020. Sy laat na haar familie en vriende.
† In liefdevolle herinnering aan **Ronald Arthur Howard Louw**, oorlede op 2 Augustus 2020 in die ouderdom van 49. Die roudiens sal plaasvind die 8ste Augustus 2020 na verassing plaasgevind het 5 Augustus 2020. Hy laat na sy familie en vriende.
† In liefdevolle herinnering aan

Modiehi Selina Shabalala, oorlede op 2 Augustus 2020 in die ouderdom van 51. Die begrafnis vind plaas op 8 Augustus 2020 by Plaas Begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende.
† In liefdevolle herinnering aan **George van Wyk**, oorlede 30 Julie 2020 in die ouderdom van 80. Die begrafnis vind plaas op 9 Augustus 2020 by Sandersville Begraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende.
† In liefdevolle herinnering aan **Diakae Florina Motebang**, oorlede op 4 Augustus 2020 in die ouderdom van 59. Die begrafnis vind plaas op 8 Augustus 2020 by



Susanna Roux Linde



Dawid Stephanus Brits

White City Begraafplaas. Sy laat na haar kinders, familie en vriende.
† In liefdevolle herinnering aan **Dawid Stephanus Brits** oorlede op 2 Augustus 2020 in

die ouderdom van 74. Die diens word waargeneem deur Pastoor Leon Deysel vanuit die AGS Kerk, Heilbron. Hy laat na drie kinders en kleinkinders, familie en vriende.

WEERVOORSPELLING



Sa 8 Aug.	4 / 20	Sonnig
So 9 Aug.	0 / 21	Sonnig
Ma 10 Aug.	1 / 19	Sonnig
Di 11 Aug.	3 / 22	Sonnig
Wo 12 Aug.	4 / 23	Sonnig
Do 13 Aug.	6 / 22	Sonnig
Vr 14 Aug.	6 / 21	Sonnig
Sa 15 Aug.	6 / 21	Sonnig
So 16 Aug.	6 / 22	Sonnig
Ma 17 Aug.	7 / 22	Sonnig
Di 18 Aug.	7 / 21	Sonnig

SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

DIENSTE

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskiik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

WINKELURE:

Maandae - Donderdae	07:30 tot 17:00
Vrydae:	07:30 tot 16:30
Saterdag:	09:00 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033

COOL BUFFS

100% Polyester Prolite Sport Buffs

NOU IN VOORRAAD

R85

Sperratum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.

TE KOOP

OULANDS-GRASBALE

Swaar bemesde oulandsgrasbale te koop. R380 vir 1.2m en R430 vir 1.5m bale.
Skakel **Hennie Naudé** 083 269 9293 Heilbron

K0752

Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak **Jaco Meiring** 082 851 6158 of **Piet Meiring** 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

HERSTEL EN DIENS
Omkap en naaldwerk masjiene.
Skakel my gerus **068 004 9334**
Elsstraat 74 Heilbron

K0721

GiG Technologies (Pty) Ltd

Jenny Wireless Internet

• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Network Service
• Computer Repairs • CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estant: 074 279 6993
Email: info@gigtechnologies.com

GEMEENSKAPSNUUS

WORD SUID-AFRIKA 'N BAKHAND LAND

En van die mooi herinneringe van vervloë se dae aan 'n plaasbesoek, was 'n paar "klonkies" wat opgewonde wag vir 'n motoris wat by 'n plaashek aankom - om met die oopmaak van die hek 'n pompong te verdien. Sodra die hek oopgaan en toegemaak word, het die kinders met breë glimlagte gewag vir daardie pompong (lekkers) - en met bakhande dankie gesê.

Vir die motoris was dit 'n voorreg om die kindertjies so opgewonde te sien met pragtige wit tande wat van oor tot oor lag. Hulle het dit verdien, die pompongs!

Wat het geword van die bakhande - is dit nog dieselfde dankie-sê of het dit nou ontaard in 'n kultus waar verwoed word dat daar net pompongs uitgedeel word sonder 'n teen-prestasie?

Jammer om te sê, maar die indruk wat daagliks deur die

media aan ons voorgelê word van korrupsie, diefstal en groot vergoedings vir geen werk, skep 'n heel ander prentjie van die bakhand waarna ons land eintlik moet streef!

Deesdae is die glimlagte maar eina!

Moet darem 'n paar tande wys nadat onse Angie (onderwys se minister) geCodif het dat mens breinkanker kan opdoen as jy te hard leer!

Op 27 Julie het Heilbron afskeid geneem van die vriendelike oud-onderwyser van Qwaqwa, wat baie jong seuns en dogters opgelei het om hul bestuurderslisensie te slaag.

Die 71-jarige Abe Nthakha wat 'n bestuurskool op Heilbron bedryf het, is skielik oorlede en op Heilbron ter aarde bestel. Hy word oorleef deur sy vrou en twee kinders. Sy dogter bedryf nou die Kgolokoeng Driving School.

Werk het niemand nog seergemaak nie, intendeel, as Suid-Afrika se "inwoners" harder en met minder besoldiging gewerk het, sou die strate minder gate gehad het en die begrotings geklop het. Onthou nog toe 'n dosie vuurhoutjies een sent gekos het en deesdae kos dit 100 sent?

Sien die bakhand het gebly en die omgekeerde hand wat werk-vat net!

Quarta, sy is nie meer 'n "nig" nie - sy neem nie meer deel aan volkspele nie - het hierdie week meer lig gewerp op die 30 weeskinders wat vanaf Heilbron se konsentrasiekamp na Swellendam gestuur is, dit is nou net na die Boereoorlog in 1903.

Die vyf Bosman-kinders wat van die plaas Eselsvoet in Vegkop-omgewing afkomstig was, is Willem Hendrik, getroud met Catharina Strauss. Hulle het twee kinders, Izak Daniel (1865) en Martha (1868) gehad. Hulle het op Ravak en Paisly in Frankfort gewoon. Na oupagrootjie se tweede vrou (nooi Agatha Wilhelmina Naude) oorlede is (1897) het hy weer teruggetrek Vegkop toe.

Van die ander kinders was daar Lourens Smit (Grootfontein, Heilbron), Marthinus Bosman (1895) het later jare op die plaas

Bermuda op Frankfortpad gewoon. J. Rensburg (koppel met Renier van Rensburg, Frankfort), C. Coetzer (Brakspruit, Heilbron), Helena en Sarel Taljaard (Kroonstad dorp), en C. Botha (Groenfontein, Heilbron).

Een van die Bosman nasate, Tienie Bosman, woon tans in Rustenburg en sy sel nr. is 083 625 3556, e-pos tienie@mweb.co.za.

Time Gentlemen -
Tom Watson



Abe Nthakha

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

CONTI SUITS & SECURITY GARMENTS
with CUSTOM BRANDING
Assorted colours available

Herald Office National

CONTACT US: 083 363 6553 | marketing@heilbronsun.co.za

Up To A1 Scanning
Now Available

A4: R3.50
A3: R7.00
A2: R16.00
A1: R21.00


Hulle assies is alreeds geïnstalleer. Alreeds beskikbaar! 083 363 6553

Heilbron Herald
Large Format Division

058 852 3033
heraldgraphics2@heilbron.co.za

SPREEKKAMERS NIE GESLUIT

Die spreekkamers van Drs Spies en van Stryp sal Dinsdag weer vol operasioneel wees nadat Dr van Stryp Covid positief getoets het en Dr Spies ook tuis aansterk met griep. Die spreekkamers is van Woensdag af oop tussen 08:00 tot 13:00 en Saterdag van 08:00 tot 12:00. Vir noodgevallen moet mense asb Heilbron Kliniek toe gaan of na Tokollo Hospitaal. Slegs die apteek en rekening-afdeling by die spreekkamers is tans oop.



WHEN IS IT SAFE TO RETURN TO WORK?

If you have been diagnosed with COVID-19 and isolated for 10 days, your employer may only allow you to return to work on the following conditions:

- You have completed the mandatory 10 days of self-isolation
- You have undergone a medical evaluation confirming fitness to work if you had moderate or severe illness; there is no requirement to be tested prior to returning to work
- You strictly adhere to personal hygiene, wearing of masks, social distancing and couch etiquette
- The employer closely monitors you for symptoms on return to work.

SANBS BEDANK ALLE BLOEDSKENKERS

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) het 81 eenhede bloed in Heilbron ingesamel laas week Dinsdag en Donderdag. SANBS wil graag alle bloedskenkers hartlik bedank vir hulle ondersteuning en hulle aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk.

Die minimum vereistes om 'n bloedskenker te wees, is:

- Wees tussen die ouderdom van 16-75 jaar
- Weeg meer as 50kg
- Geniet goeie gesondheid
- Leef 'n veilige seksuele leefstyl.

Die voordele van bloedskenk:

- 'n Gratis mediese ondersoek bv. neem van bloeddruk en ystervlakke
- Stimuleer liggaam om nuwe gesonde rooibloedselle te vorm
- Bloedskenk kweek ook 'n kultuur van sosiale verantwoordelikheid en sodoende word daar lewens gered.

Die volgende bloedskenk-kliniek sal Dinsdag 22 September 2020 weer Heilbron besoek by die NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:00. Skenk bloed.

Jou bloed red lewens.

KRAG KOSTE STYG BY DIE DAG

Nadat die Hooggeregshof in Eskom se guns beslis het in die saak teen Nersa, is hoër elektrisiteitstariese aangekondig. Inwoners is ongelukkig nadat kostes gestyg het van R1.98 per eenheid na R2.29 per eenheid. Die hof het beveel dat die gemiddelde standaard Eskom tariewe, goedgekeur deur Nersa vir die 2021/2022 finansiële jaar, verhoog moet word. Eskom is besig om van die koste te verhaal wat die kragvoorsiener in die 2019-boekjaar aangegaan het. Hierdie bedrag beloop meer as R29 Miljard. Nersa het gesê die kragvoorsiener moet die verskil deur kostebesnoeiings opmaak. Eskom het nadat die saak in Maart plaasgevind het, 60 dae gehad om 'n aanvullende aansoek by Nersa in te dien om die tariewe wat hy verbruikers mag vra, te verhoog. Dertig sent meer per eenheid veroorsaak groot ongelukkigheid. Hier is 'n paar slimkopplanne om elektrisiteit te spaar:

Een van die heel maklikste maniere om elektrisiteit te spaar is om die son as jou lig in te span. Dis gratis en verniet en byna heeljaar beskikbaar!

'n Ander maklike manier om krag te spaar, is natuurlik om al jou elektroniese toebehore nie net af te skakel nie, maar sommer uit te prop ook! Daar is veral 'n paar groot sondebokke wat lief is daarvoor om krag te vreet, selfs al is hulle nie in gebruik nie. Rekenaars veral is energievraat, as dit nie werklik afgeskakel is nie, gebruik dit steeds heelwat energie om heelyd reg te wees om weer aan die werk te spring.

'n Ander groot energievraat is natuurlik jou oond. Probeer om jou bakwerk só te beplan dat dit alles in een sessie gebak kan word. Sodoende hoef die oond net een keer warm te word. En moenie te veel loer na hoe jou handewerk vorder nie! Elke keer wat jy die oonddeur oopmaak, verloor die oond omtrent 'n kwart van sy hitte. Sommige maniere om krag te spaar is makliker as ander - dit is waar! Sekerlik die heel maklikste manier om te spaar is om slimmer te werk met jou yskas. 'n Goeie begin wat almal kan onthou: moenie die yskasdeur oophou terwyl jy jou maag se gromgeluide probeer stuit nie. Besluit vooraf wat jy wil uithaal en maak die deur dan so gou as moontlik weer toe voordat al die koue lug ontsnap.

Die goue reël om jou elektrisiteitsverbruik te verlaag is natuurlik om net dit te gebruik wat jy nodig het - byvoorbeeld, kook net soveel water as wat jy nodig het vir koffie, eerder as 'n hele ketel vol.



BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

JY KAN OMDAT HY KAN - Ek weet nou U kan enige iets doen, en niemand kan U keer nie. Job 42:2. Jy kan vir die Here vra want Hy sal nie vir jou 'n verkeerde antwoord gee nie. Jy kan vir die Here wag, want Sy tydskerekening is altyd perfek. Jy kan op die Here vertrou, want Hy maak nie foute nie. Jy kan op die Here hoop, want Hy hou jou toekoms in Sy Hand. Jy kan in die Here rus, want Hy is in beheer van jou lewe. Jy kan op die Here steun, want Hy is volkome betroubaar. Roy Lessin. **Bron: Lewende Lote**

HERALD

BRING MAMMA VIR GHOLF OP VROUEDAG



Heilbron Gholfklub wil dankie sê vir al die mammas wat by die huis moet bly as hulle wederhelftes swoeg en sweet op die baan. Die president, dis nou nie Cyril nie, maar Gerrie Muller, het die volgende uitnodiging gerig: "Maandag is Vrouedag, kom betoon jou liefde vir die een wat jy die wetter in maak met jou laataand kuiers by die klub en kom geniet Maandag gehalter. Dames speel verniet en kry 'n gratis worsbroodjie, afslaan 10:00 vir 10:30. Mans speel saam met dames van korter "tees" af met alternatiewe hou. Daar sal pryse ook wees vir die beste gholf. Hoop om julle almal daar te sien!" Verlede Saterdag se OJ's Meatmarket dag is gewen deur

Wian Leeb en RJ Muller met 72 punte. Eben Stander en Gerrie Muller is uit hulle prys-droogte, hulle was tweede met 71 punte. Alhoewel die verdedigende dubbel kampioene derde was in die kompetisie,

kon hulle nog nie weer 'n dubbel uitspeel wedstryd wen nie, John Watson en Jyluan Bruyns eindig derde met 67 punte. Saterdag is daar gewone spel soos gewoonlik en inskrywings vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.



Wenners vl: Wian Leeb, Dries Cilliers (borg), RJ Muller, Gerrie Muller en Eben Stander.

ONWETTIGE VUURWAPENS



Indien jy nog nie kans gekry het om jou vervalde vuurwapen-lisensie te hernu nie, kry jy nou weer die geleentheid. Die regering het 'n verlengde amnestieperiode vir onwettige vuurwapens om strafloos ingedien te kan word aangekondig, en persone kan nou weer aansoek doen vanaf 1 Augustus 2020 tot 31 Januarie 2021. Dit gee vuurwapeneienaars, wie se wit lisensiekaartjie verval het, kans om onder die amnestie-wetgewing weer aansoek te doen vir lisensies wat verval het. Indien jy 'n groen kaartjie het, het jy ook nou die geleentheid om 'n wit kaartjie te kry. Die doel van die wetgewing, volgens die regering, is om beslag te lê op vuurwapens om misdaad in Suid-Afrika te bekamp. Dit is egter wensdenkery om te glo dat enige misdadiger die vuurwapenamnestieperiode sal gebruik om hul vuurwapens in te handig en 'n lisensie daarvoor bekom. Die realiteit is dat wettige eienaars, wat nie betyds hul vuurwapenlisensie hernu het nie, hul vuurwapens verbeur terwyl misdadigers steeds gewapen in ons strate rondloop. Die proses behels

dat wapens waarvan lisensies verval het by die plaaslike SAPS ingehandig moet word, na die inhandiging van die wapen is daar slegs 14 dae tyd om die aansoekvorm vir die betrokke wapen in te dien. Indien hierdie tyd verstryk, neem die polisie beslag op die wapen en word dit vernietig. Vuurwapeneienaars wie se lisensies verval het, moet hulle nie laat mislei deur die amnestie-

kennisgewing nie, aangesien hulle nie bloot aansoek kan doen om die hernuwing van hul lisensie nie, maar deur dieselfde volle proses sal moet gaan soos om 'n nuwe vuurwapen te bekom. Vuurwapeneienaars moet ook seker maak dat hulle bevoegdheidsbewyse op datum is vir heraansoeke. Vir verdere navrae, kontak die plaaslike polisiekantore.

F.T.C

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES
&
CLUTCHES

HYDRAULIC
HOSE
ASSEMBLIES

Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com

SPORT

**HEILBRON • EDENVILLE
• FRANKFORT**



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemerking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



BKB Louw NOORD

Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilings

DINSDAG - 11 AUGUSTUS 2020

KLERKSDOORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3088

VEREENIGDING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DEVON OPEN RANGE BEEFMASTERS
84 Top Beefmasters
11:00, Lesuurkop, Devon
Kontak Rykel Hooop 082 342 1992

WOENSDAG - 12 AUGUSTUS 2020

BOSHOEK BOVELDERS & MARITZ BOVELDER
75 Top Bovelder bulle
11:00, Boshoeke, Mamel
Kontak Lukas Steenkamp 087 404 0690

VOONDERDAG - 13 AUGUSTUS 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 591 0095

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen
079 418 4289

VRYDAG - 14 AUGUSTUS 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Saly de Villiers 073 816 4956

THEUNISSEN - KANDYS BEEFMASTERS
30 Bulle & 80 vroulike diere
11:00, Brakfontein, Theunissen
Kontak Louwtyl Bezuidenhout 082 827 7443



www.bkb.co.za
BKB Louw NOORD 2005/026173/07
Posbus 229, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouw.noord.co.za